# Welkom by NG The Reeds

## Veilige hawe vir nuwe hoop

‘n Nuwe begin.
Luk. 3:1-18


'n NUWE
Begin

# Votum

Maak die pad vir die Here gereed
Die Here kom
Maak die pad vir die Here gereed
Hoor wat die Here kom doen
Die Here kom
(Mal. 3:1)
Amen

# Seëngroet





# Flam 34

(Beurtsang)

(V) Here, U is my lewe,
(V) ek ken U veilige bewaring elke dag.
(M) Here, U is my vrede,
(M) as die storms om my woed
(M) met brute krag.
(A) En as ek val, is U by my.
(A) U het betaal en ek is vry!


(Almal)
Daarom sing ek,
daarom gee ek U my stem.
Daarom juig ek saam met snaar
en instrumente!
Daarom bring ek U my dank,
sing ek heeldag lank,
daarom sing ek,
hoor my lied vir U, o Heer!

(V) Here, uit U hande
(V) kom net wat mooi is
(V) en wat heilig is vir my.
(M) Here, U genade
(M) het my deur alles heen
(M) tot hierdie dag gelei.
(A) En as ek val, is U by my.
(A) U het betaal en ek is vry!


(Almal)
Daarom sing ek,
daarom gee ek U my stem.
Daarom juig ek saam met snaar
en instrumente!
Daarom bring ek U my dank,
sing ek heeldag lank,
daarom sing ek,
hoor my lied vir U, o Heer!

(Almal)


Daarom sing ek,
daarom gee ek U my stem.
Daarom juig ek saam met
snaar en instrumente!
Daarom bring ek U my dank,
sing ek heeldag lank,
daarom sing ek,
hoor my lied vir U, o Heer!


Daarom sing ek,
hoor my lied vir U, o Heer!


# Flam 45

Kom ons staan voor die Heer
en bely dat Hy regeer.
Kom sien die Hemelkoning
op Sy troon.
Laat ons al die hulde bring
en sy lof en eer besing.
Laat ons lofsange die plek wees
waar Hy woon.



Hef jou hande na bo!
Al wat Hy vra is dat ons glo.
En as jy weet jy is vry,
is dit die heel beste rede om te


... kniel voor die Vader
in gebed tot Hom te nader
en Hom as Koning
en Verlosser te bely.
Om Hom te dank vir sy genade,
vir sy seën en wonderdade,
want die krag van sy waarheid
maak ons vry.


Hef jou hande na bo!
Al wat Hy vra is dat ons glo.
En as jy weet jy is vry,
is dit die heel beste rede om te


...gaan na die nasies want,
sy opdrag was basies
om te doen en te lewe net soos Hy.
Want deur sy wonderwerke
is daar nou ook geen perke
aan wat Jesus kan doen
deur jou en my.


Hef jou hande na bo!
Al wat Hy vra is dat ons glo.
En as jy weet jy is vry,
is dit die heel beste rede om met



...simbaal en drom te raas
en die sjofars hard te blaas
want die groot dag van Jesus
kom beslis.
Die dag wat elke knie sal buig
en elke mond nog sal getuig
dat die Ruiter op die wit perd
Koning is.



Hef jou hande na bo!
Al wat Hy vra is dat ons glo.
En as jy weet jy is vry,
is dit die heel beste rede vir my.

# Lukas 3:1-17



# Gebed




Om te leer om
in God se plan te leef

# Lukas 3:1-17



# Lukas 3 : 1 - 17

***3*** *1. Dit was die vyftiende regeringsjaar van keiser*
*Tiberius. Pontius Pilatus was goewerneur van Judea, en*
*Herodes heerser van Galilea. Sy broer Filippus was*
*heerser van Iturea en Tragonitis, en Lisanias heerser van*
*Abilene. Annas en Kajafas was die hoëpriesters.*
*2. In daardie tyd het die woord van God tot Johannes, die*
*seun van Sagaria, in die woestyn gekom. 3 Hy het deur die*
*hele Jordaanstreek gegaan en verkondig: Bekeer julle en*
*laat julle doop en God sal julle sondes vergewe.*

*4. So staan dit geskrywe in die boek van die profeet Jesaja:*
*"Iemand roep in die woestyn:*
*Maak die pad vir die Here gereed,*
*maak die paaie vir Hom reguit.*
*5 Elke kloof moet opgevul*
*en elke berg en bult*
*platgemaak word;*
*die krom paaie moet reguit*
*en die ruwe paaie gelyk word.*
*6 En al die mense sal*
*die verlossing sien*
*wat van God kom."*

7. Die mense het in groot getalle uitgegaan om deur
Johannes gedoop te word. Hy het vir hulle gesê: “Julle
slange, wie het julle wysgemaak dat julle die dreigende
toorn kan ontvlug? 8 Dra liewer vrugte wat bewys dat
julle bekeer is. En moenie by julleself sê: ‘Ons het
Abraham as voorvader’ nie, want dit sê ek vir julle: God
kan uit hierdie klippe kinders vir Abraham verwek. 9 Die
byl lê al klaar teen die wortel van die bome. Elke boom
wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die
vuur gegooi.”

10 Die ***mense*** vra hom toe: “Wat moet ons dan doen?”
11 Hy antwoord hulle: “Wie twee kledingstukke het, moet
dit deel met iemand wat nie het nie, en wie kos het,
moet dieselfde doen.”
12 Daar kom toe ook ***tollenaars*** om gedoop te word en
hulle sê vir hom: “Meneer, wat moet ons doen?”
13 En vir hulle sê hy: “Moenie meer invorder as wat vir
julle vasgestel is nie.”
14 Ook ***soldate*** het hom uitgevra: “En ons, wat moet ons
doen?”
Hy antwoord hulle: “Moet van niemand deur geweld of vals aanklag geld afpers nie, maar wees tevrede met julle betaling.”

15 Die volk was vol verwagting, en almal het hulle begin
afvra of Johannes nie miskien die Christus is nie.
16 Daarop gee Johannes aan hulle almal die antwoord:
“Ek doop julle met water, maar my meerdere kom, en
ek is nie eers werd om sy skoene los te maak nie. Hy sal
julle met die Heilige Gees en met vuur doop. 17 Hy het sy
skop in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur
skoonmaak. Die koring sal Hy in sy skuur
bymekaarbring, maar die kaf sal Hy met onblusbare
vuur verbrand.” 18 Ook oor baie ander dinge het hy
dikwels die volk vermaan en die goeie boodskap aan
hulle verkondig.


'n NUWE
Begin

# *Wanneer is Johannes geroep?*

**Politieke en godsdienstige leiers (1) -**

1. **Die konteks was swaar** - tyd van:

- Magsmisbruik, armoede
- Onderdrukking
- Godsdienstige verval – kerklike sisteem het sy morele gesag is verloor (“addergeslag”)

# *Wanneer is Johannes geroep?*

**Politieke en godsdienstige leiers (1):**

2. **’n Werklike tyd, werklike mense**

- Johannes nie fiktiewe figuur nie
- Verlossing gebeur in die werklikheid
- Hoop gebore waar mense dit die minste verwag


'n NUWE
Begin



***Waarvoor is Johannes geroep?***

- Om God se **nuwe begin** aan te kondig (3-6)
- Om die pad vir Jesus gereed te maak -
- <u>Bekering</u>: ’n nuwe rigting van die hart



# *Jesaja 40: ‘n Pad vir God*

- Woorde uit die ballingskap
- Sterk beelde:
  - * klowe opvul
  - * berge plat maak
  - * krom paaie reguit maak


'n NUWE
Begin

# *Hoe voer Johannes sy opdrag uit?*

Skerp oproep aan godsdienstige elite



# *Hoe voer Johannes sy opdrag uit?*

'n Sagter, praktiese oproep aan gewone mense



# *Hoe voer Johannes sy opdrag uit?*

Bly fokus op Jesus




'n NUWE
Begin


'n NUWE
Begin

# Gebed

Here God,

U roep ons tot 'n nuwe begin,

nie net in woorde nie, maar in lewens wat vrug dra.

* Verander ons waar ons afgestomp geraak het,
* maak ons harte sag vir mense se nood,
* en leer ons om U liefde prakties uit te leef

    i) in ons huise, ii) by ons werk en iii) in ons land.

Ons bid dit in die Naam van Jesus Christus,

die Een wat die nuwe begin moontlik maak.

Amen.


Flam 368
O Heer, my God,
U’t baie lank gelede
in mensetaal iets mooi
vir ons kom sê:
In Betlehem, as onbeholpe baba,
So weerloos méns,
in ’n stal kom lê.


Dit maak my bly,
en dit laat my huil,
U liefde is oneindig groot.
Dit laat my huil,
en dit maak my bly
dit is só groot – te groot vir my!


In die begin
het U geskep met woorde
en als wat is,
het uit u mond ontstaan.
Toe Jesus mens word,
skep U weer, genadig,
vir dié wat glo,
’n nuwe soort bestaan.


Dit maak my bly,
en dit laat my huil,
U liefde is oneindig groot.
Dit laat my huil,
en dit maak my bly
dit is só groot – te groot vir my!


O Heer, my God,
U praat soos lank gelede,
ook nou met ons
oor skoon en nuut begin.
En skep in ons
iets van die eerste Kersfees
se grootse vrede en verwondering.


Dit maak my bly,
en dit laat my huil
U liefde is oneindig groot.
Dit laat my huil,
en dit maak my bly
dit is só groot – oneindig groot!


'n NUWE
Begin

## Seën

Mag die Here voor julle uitgaan en
die pad gelyk maak.
Mag Hy agter julle wees en julle beskerm.
Mag Hy binne julle woon en
julle harte nuut maak.
En mag julle, deur die krag van die Heilige Gees,
draers wees van God se nuwe begin.
Amen.

Seën

Mag die Here voor julle uitgaan en
die pad gelyk maak.
Mag Hy agter julle wees en julle beskerm.
Mag Hy binne julle woon en
julle harte nuut maak.
En mag julle, deur die krag van die Heilige Gees,
draers wees van God se nuwe begin.
Amen.


'n NUWE
Begin